

HOOFSTUK 2

PLEEGSORG EN DIE IMPLIKASIES DAARVAN OP DIE PLEEGKIND

1. INLEIDING

In hierdie hoofstuk poog die navorser om 'n studie oor pleegsorg en die implikasies daarvan op die pleegkind te doen.

Die navorser gaan van die standpunt uit dat die biologiese ouer(s) die oorsaak van probleme by kind(ers) is wat sorgbehoewend bevind word. Kinders kan hul biologiese ouers as gevoelloos, aggressief, afwesig, wreed of onbegrypend beleef. Sommige probleme by biologiese ouers is minder ernstig en kan met behulp van hulpverlening opgelos word, waar ander probleme meer ernstig en permanent van aard is. In baie ernstige gevalle word wetlike ingryping noodsaaklik, waar die kind(ers) van hul ouer(s) verwyder word en in substituutsorg geplaas word (kinderhuis, pleegouers, nywerheidsskool).

'n Kind wat van sy ouers weggeneem word, ervaar dit as traumaties en aanpassing by sy/haar nuwe omstandighede lewer sy eiesoortige probleme op. Dit is dus van belang dat 'n ondersoek na pleegsorg en die implikasies daarvan op die pleegkind gedoen word.

2. DIE BIOLOGIESE OUERS

Die standpunt bestaan dat die biologiese ouers die beste ouers vir 'n kind is, alhoewel duisende kinders jaarliks uit hul ouers se sorg verwyder word en in substituutsorg geplaas word (Miller, 1995:3).

Volgens Miller (1995:3) bestaan " ... troubled parents in many forms, they present some shared challenges and difficulties for their kids." Genoemde

skywer beweer verder dat “ ... a parent has serious problems when the parent cannot look at the needs and wishes, feelings and thoughts of his or her child” (Miller, 1995:5).

Gedrag van ouers wat hul kinders mishandel, kan die volgende insluit:

Ontstaan

- aggressiwiteit
 - oorafhanklikheid
 - alkoholmisbruik
 - persoonlike onstabiliteit
 - gereelde werksverandering
 - min of geen ouerskapsvaardighede
- (Roberts, 1990:35).

Uit bogenoemde maak navorser dus die afleiding dat alhoewel die biologiese ouers as die beste ouers vir hul kinders beskou word, dit nie altyd in die kind se belang is om in hul sorg te verkeer nie, veral waar mishandeling, verwaarlosing en molestering voorkom. Substituutsorg word dus oorweeg, waar die kind in 'n nuwe situasie moet aanpas.

3. GESKIEDKUNDIGE OORSIG

3.1 Houdings

Fisiese verwaarlosing en mishandeling van kinders is reeds so oud soos aangetekende geskiedenis. Volwassenes reageer op mishandeling deur te ontken dat dit bestaan of deur rasionalisering (Solnit; Nordhaus & Lord, 1992:3).

Volgens Solnit, et al.(1992:3) kan die volgende bewerings gemaak word: “Violence is aggression out of control” en “The physical and sexual abuse of children by adults represents an activation of violence of which every human being is potentially capable.” Dit is dus duidelik dat die fisiese verwaarlosing en

mishandeling van kinders al oor 'n tydperk van 200 jaar onder die aandag van die gemeenskap gebring is. In die Westerse samelewing is die uitdrukking van sulke verwaarlosing deur elke samelewing op sy eie unieke manier verbied (Solnit, et al.1992:3).

3.2 Ontstaan

Gedurende die negentiende eeu in die VSA het 'n kind met die naam van Mary Ellen, 'n agtjarige kind wat wreed mishandel was, die wêreld geskok. Dit was nie die eerste insident van mishandeling nie, maar die publisiteit wat dit gewerf het " ... shocked many people into a greater awareness of this serious human problem, and it sparked the beginning of a massive crusade against child abuse" (Solnit, et al.1992:3).

Vanweë bogenoemde geval en die ontdekking dat kinders nie soveel beskerming soos huisdiere het nie, is die New York City Society for the Prevention of Cruelty to children in 1874 gestig. Verskeie pogings is aangewend om genoemde kind uit haar ouers se sorg verwyder te kry, nadat 'n welsynwerker, Mev Etta Angell Wheeler in haar poging misluk het. Die kind is weer in 1946 deur 'n radioloog, dr. John Caffey "herontdek", waar hy 'n nuwe sindroom gerapporteer het wat dui op die frakture van die lang bene in die liggaam, naamlik die bene en die ribbes. 'n Konferensie is gehou waar die mishandeling van kinders onder die publieke oog gekom het. Wette en riglyne het hieruit voortgevloei, wat bepaal het hoe en wanneer kindermishandeling en -verwaarlosing aangemeld moes word (Solnit, et al. 1992:4).

Navorsers beweer dat uit hierdie wette en riglyne ander wette voortgevloei het wat op die sorgbehoewendheid van die kind gefokus het. Dit het gelei tot die ontstaan van die Wet op Kindersorg, Wet nr. 74 van 1983 wat vandag in gebruik is.

(1B)(i-vi) van die Wet op Kindersorg (Wet nr. 74 van 1983) betref die kind

(i) ... variant is of geen waarsamebare beslagnuimiddelle het niet

4. **DIE WET OP KINDERSORG (WET NR. 74 VAN 1983) SOOS GEWYSIG DEUR WET NR. 96 VAN 1996**

4.1 **Agtergrond**

Volgens de Bruyn (1984:227) is die meriete van die Wet op Kindersorg daarin geleë dat die pleegkind se posisie na twee jaar, of 'n korter periode, permanent gemaak kan word. Dit kan gedoen word in dië sin dat die kind in die sorg van sy ouers, 'n voog of 'n persoon in wie se bewaring hy was, herstel kan word of hy kan aangeneem word. Aanneming is die mees permanente reëling wat vir die kind getref kan word, naas die versorging van 'n kind deur sy biologiese ouers.

Op die gebied van kindersorg word algemeen aanvaar dat die beste permanente plek vir die kind in die sorg van sy biologiese ouers is. Indien dit nie vir die biologiese ouers moontlik is om die betrokke kind(ers) te versorg nie, is dit die verantwoordelikheid van die gemeenskap om toe te sien dat alternatiewe versorging vir die kind getref word. Pleegsorg is een van die wyses waarop daar vir die kind voorsiening gemaak kan word. 'n Groot nadeel van pleegsorg, is die tydelikheid daarvan. Dit is tydelik in dië sin dat pleegouers kan besluit om die pleegsituasie te beëindig indien daar enige probleme sou opduik (De Bruyn, 1984:227).

4.2 **Bepalings van die Wet op Kindersorg**

Volgens die nuwe wysiging op die Wet van Kindersorg word 'n kind wat voor die kinderhof gebring word, sorgbehoewend bevind en word die ouer(s) nie meer onbevoeg bevind soos wat vroeër die geval was nie.

'n Kind word deur die kinderhof sorgbehoewend bevind ingevolge Art 14(4) (aB)(i-vi) van die Wet op Kindersorg (Wet nr. 74 van 1983) deurdat die kind:

(i) verlaat is of geen waarneembare bestaansmiddele het nie;

- (ii) gedrag openbaar wat nie beheer kan word deur sy of haar ouer(s) of die persoon in wie se bewaring hy of sy is nie;
- (iii) in omstandighede woon wat waarskynlik sy of haar verleiding, ontvoering of seksuele uitbuiting kan veroorsaak of bevorder;
- (iv) woon in of blootgestel word aan omstandighede wat die fisiese, geestelike of maatskaplike welsyn van die kind ernstig kan skaad; en
- (vi) fisies, emosioneel of seksueel deur sy of haar ouer of voog of die persoon in wie se bewaring hy of sy is, misbruik of mishandel is (Swanepoel & Wessels, 1992:14) en (Staatskoerant, 1996:8-9).

Solnit, et al. (1992:16) steun Swanepoel & Wessels (1992:14) se stelling, wat deur die Wet op Kindersorg (Wet nr. 74 van 1984) onderskryf word. Hulle noem self die volgende gronde waarop 'n kind wetsbestee kan word, naamlik:

- aanmelding ten opsigte van mishandeling, verwaarlosing en/of verlating van 'n kind;
- dood of onopspoorbaarheid van beide ouers, die enigste ouer of die voog van die kind of die onvermoë om die kind se versorging waar te neem;
- op aandrang van die kind se ouers;
- die versoek vanaf die kind se voogde, anders as sy eie ouers, om sy wettige voogde te word; en
- die weiering van die kind se ouers om toestemming vir lewensnoodsaaklike mediese behandeling te verleen.

Vir pleegsorg sal die volgende artikels ingevolge die Wet op Kindersorg oorweeg word:

- Die pleegsorgbevel geld slegs vir twee jaar ingevolge Art 16(1). Dit kan ook vir 'n korter termyn geld soos wat deur die kinderhof ten tye van die uitreiking van die bevel bepaal word.
- Pleegsorg word dus outomaties na twee jaar beëindig, behalwe wanneer die Minister die geldigheid van die bevel met 'n verdere tydperk van hoogstens twee jaar verleng (ingevolge Art 16(1) (2)).

- Die bevel kan nie verleng word na die datum waarop die kind agttien word nie (De Bruyn; 1984:228).

4.3 Praktiese implikasies van die bepalings

Die praktiese implikasies rondom die bepalings van die Wet op Kindersorg rakende pleegsorg behels die volgende:

- Die rol wat aan die biologiese ouers in die pleegsituasie toegeken word en die aandag van die betrokke maatskaplike werker moet baie doelgerig wees.
- Pleegouers kry deurslaggewende seggenskap met betrekking tot die aanneming van 'n pleegkind. Pleegouers het 'n groter magposisie ten opsigte van die biologiese ouers van die pleegkind, wat 'n ernstige invloed op hulle verhouding met mekaar kan hê.
- Die geldigheidsduur (twee jaar) van die pleegsorgbevel het voordele en nadele (De Bruyn, 1984:228).

5. DIE FILOSOFIE VAN PLEEGSORG

Volgens die verslag oor die SKDB(Sinodale Kommissie vir Diens van Barmhartigheid) se beleid en werksprosedure vir pleeg- en familiesorg kan die filosofie van pleegsorg soos volg uiteengesit word (1992:1):

- Die belangrikheid van die natuurlike bande tussen ouer en kind word erken en mag nie versteur word nie, behalwe waar die kind in omstandighede verkeer waar sy fisiese-, psigiese-, emosionele- en/of morele gesondheid of welstand ernstig geskaad kan word.
- Waar ingryping genoodsaak word, aanvaar die Staat en geregistreerde

welnsynorganisasies verantwoordelikheid vir die welsyn van die kind. Hulpverlening moet ook aan die ouers voorsien word sodat gesinshereniging kan plaasvind. Indien laasgenoemde nie moontlik is nie, word verantwoordelikheid vir die voorsiening van geskikte permanente substituuetsorg vir die betrokke kind(ers) aanvaar.

- Die kind se welsyn moet nie benadeel word nie deurdat die doelwit tot gesinshereniging binne 'n tydperk bereik moet word wat die minste onsekerheid by diè kind skep.
- Die kind se reg tot permanente substituuetsorg moet voorkeur geniet indien die terugplasingdoelwit nie binne diè bepaalde tydperk bereik word nie.
- Die doel van pleegsorg behels die bevordering van permanensie in 'n kind se lewe (byvoorbeeld deur die herstel in ouerlike sorg of kontinuïteit in die pleegsituasie).
- Pleegsorg is statutêre substituuetsorg binne 'n gesin vir 'n kind wat op kort- tot mediumterrein nie deur sy biologiese ouers versorg kan word nie. Dienste word steeds aan die ouers voortgesit.
- Permanente pleegsorg is statutêre substituuetsorg binne 'n gesin vir die kind wat nie deur sy biologiese ouers versorg kan word nie, vanweë hul permanente onvermoë om na die betrokke kind(ers) om te sien (vergelyk Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn, 1990:5-20).

Uit bogenoemde is dit vir die navorser duidelik dat pleegsorg tydelike substituuetsorg vir die sorgbehoewende kind is. Sodra 'n kind uit sy ouers se sorg verwyder is, nadat hy deur die kinderhof sorgbehoewend bevind is, word die ouers in die behandelingsprogram ingeskakel. Die oogmerk is die hereniging van die gesin, waar die ouers by die pleegsorgplasing betrek moet word, indien hulle beskikbaar is. Bogenoemde bewering word ook gesteun deur

De Bruyn (1984:228), naamlik dat kontak tussen ouers en hul kind(ers) bewerkstellig moet word, indien dit in belang van die kind sou wees.

5.1 Nut van kontak tussen ouers en kinders

Nut van kontak tussen ouers en kinders behels die volgende:

- Die betrokke kind(ers) het 'n groter gevoel van welstand en is emosioneel beter aangepas.
- Dit bevestig aan die kind dat hy nie verwerp is toe hy verwyder en daarna in pleegsorg geplaas is nie. Dit bevorder sy gevoel van veiligheid gedurende die plasing.
- Die kind begryp al hoe meer waarom hy nie meer by sy ouers kan bly nie. Hy verstaan die realiteit beter en leef minder in sy eie fantasiewêreld.
- Dit help die kind om 'n realistiese selfbeeld op te bou, en om minder angs en onsekerheid oor sy identiteit te ervaar.
- Vanweë die feit dat die kind sy ouers reeds ken, sal hy nie vir verdere verwerping bang wees wanneer hy in hulle sorg teruggeplaas word nie.
- Dit help die ouers om steeds met hulle rol as ouers vir die kind geïdentifiseer te bly (De Bruyn, 1984:229).

Navorsers is van mening dat kontak tussen ouers en kinders aangemoedig moet word, aangesien dit baie moeilik is om dit weer te bewerkstellig as kontak vir lang periodes verbreek is. Die navorsers is ook verder van mening dat ouers, wie se kinders uit hul sorg vanweë hul sorgbehoewendheid verwyder is, soms na die verwydering kontak met hul kinders vermy. Dit is gewoonlik ook om dieselfde redes waaroor hulle oorspronklik verwyder is.

Volgens de Bruyn (1984:229) moet terugplasing van die kind in die ouers se sorg so gou moontlik na verwydering geskied. Die volgende redes word gegee om die stelling te staaf:

5.1.1 Die kind se konsep van tyd

Hoe jonger die kind is, hoe gouer vergeet hy sy ouers as hy weg van hulle woon.

5.1.2 Verhouding met ouers

Die kind moet in die sorg van die ouers teruggeplaas word terwyl hy nog 'n verhouding met hulle het.

Kinders kan nie emosioneel vir 'n onbepaalde tyd opgeskort word sonder om emosioneel aangetas te word nie. Herhaalde verbreking van 'n kind se gehegtheid aan ouerfigure sodra hy van een sorg na 'n ander verwyder word, benadeel sy gevoel van kontinuïteit en sy vermoë om stabiele verhoudings aan te gaan. Die mate van skade wat deur skeiding veroorsaak word, word deur die kwaliteit versorging wat die kind voor en na verwydering beleef het, beïnvloed.

5.1.3 Die kind se ouderdom

Hoe jonger die kind wat in pleegsorg geplaas word, hoe langer sal hy in pleegsorg verkeer.

Navorser ondersteun nie genoemde bewering ten volle nie. Kinders van 'n jonger ouderdom is soms meer aanpasbaar en verwerk trauma makliker. Ouers toon ook soms 'n groter gewilligheid om hul kleiner kinders in hul sorg herstel te kry.

5.1.4 Verhouding met pleegouers

Hoe langer die kind in pleegsorg verkeer, hoe meer geheg raak pleegkinders en pleegouers aan mekaar. Dit het tot gevolg dat die kind se verhouding met sy ouers meer los van mekaar raak. Die gevolg daarvan is dat hoe langer die kind in pleegsorg verkeer, hoe geringer word die kanse om die kind in die sorg van die ouers terug te plaas.

Die navorser is egter van mening dat die doel van kontak tussen ouers en hul kinders in aanmerking geneem moet word. Sodra dië kontakte nie in belang van die kind is nie, moet dit verbreek word. Indien die kind wel by die kontakte baat, moet hy die reg hê om kontak met die ouers en ander familielede te maak.

6. FAKTORE WAT KONTAK TUSSEN OUERS EN DIE PLEEGKIND(ERS) BEMOEILIK

- afname in die ouers se belangstelling in die kind;
- afstand en gebrek aan finansies;
- ouers wat dit moeilik vind om selfbeheersde gedrag gedurende besoeke aan pleegouers te toon;
- besoeke wat die kind ontstel; en
- besoeke wat hoë eise aan die pleegouers stel

(De Bruyn, 1984:232).

Navorser is van mening dat kinders wat vanuit hul ouers se sorg verwyder is, aan fisiese- en/of emosionele mishandeling en verwaarlosing blootgestel was. Sulke kinders se gedrag word daardeur beïnvloed wat sekere gevolge op sy/haar aanpassing in die pleegsorgsituasie het. Dit is dus belangrik om die gedrag van kinders te monitor.

(Miller, 1995:14)

Volgens die navorser, bly die verwydering van kinders uit hulle natuurlike

7. GEDRAG VAN DIE KIND

Volgens die Ouerverrykingskursus (Kinder- en Gesinsorg, 1990:5) is gedrag "... nie toevallig nie, maar 'n manifestasie van 'n mens (kind/ouers) in aksie. Jou persoonlikheid, gevoelens, belewenisse, ervarings, ensovoorts kom tot uiting via jou gedrag." Deur middel van gedrag word 'n mens se verhouding met hul medemens, God, die wêreld en hulself, sigbaar. Gedrag word dus as die manifestasie van die innerlike lewe gesien, met ander woorde wat 'n mens doen, reflekteer die wyse waarop 'n mens voel en dink. Verder is gedrag ook die respons of reaksie op die appèl wat die lewe aan 'n mens rig en die eise wat die medemens aan hulle stel. Gedrag kan ook gesien word as "... onbewustelike verdedigingsmeganismes, en bewustelike pogings om teen die lewenseise opgewasse te wees" (Kinder- en Gesinsorg, 1990:5).

8. GEDRAG VAN OUERS

Volgens Miller (1995:14) het ouers wat probleme het, soms emosionele ongemak. Nie alle ouers wat probleme het, mishandel hul kinders nie. Mishandeling is wel iets wat kan plaasvind wanneer ouers probleme het. Mishandeling is enigiets wat 'n ouer doen wat negatief vir 'n kind is: liggaamlik, intellektueel, geestelik of emosioneel.

Sommige ouers kan hul kinders mishandel en nooit vir hul foute verantwoordelikheid neem nie, selfs nie wanneer hul kinders hul eie emosies verbaal lug nie. Voorbeelde van mishandeling behels die volgende:

- fisiese aanranding
- beledigende opmerkings (verbale mishandeling)
- dwing kind om iets te doen wat ooglopend negatief vir hom/haar is (Miller, 1995:14).

Volgens die navorser, bly die verwydering van kinders uit hulle natuurlike

gesinne vir hul in 'n meerdere of mindere mate 'n traumatiese ervaring waarop hulle bepaalde gevoelens ervaar.

9. GEVOELENS VAN KINDERS WAT VERWYDER WORD

Volgens die Departement van Gesondheid en Welsyn (1990:8) ervaar kinders wat verwyder word die volgende gevoelens:

- Gevoelens van verwerping en waardeloosheid.
- Skuldgevoelens: Die kinders voel dat hulle 'n aandeel in die verbrokkeling van die gesin gehad het.
- Gevoelens van vyandigheid: Dit versterk die skuldgevoelens by die kinders omrede hulle gewoonlik die opvatting huldig dat gevoelens van vyandigheid jeens hul ouers 'n strafbare oortreding is.
- Gevoelens van verlating: Dit skep by die kinders die onsekerheid of hulle ouers hulle weer wil terug hê.
- Vrees vir die onbekende: By die kinders ontstaan die vraag waarheen hulle gaan en of die mense by wie hulle geplaas gaan word, van hulle sal hou.
- Gevoelens van skaamte: Die kinders hou hulself besig met die vraag waarom hulle ouers nie soos ander ouers vir hulle kan sorg nie (sien ook Roberts, 1990:34).

Volgens 'n lesing van Dreyer (1999) is daar spesifieke karaktereienskappe van getraumatiseerde kinders, naamlik:

- Die kinders is verward oor wat "normaal" is.
- Hulle sukkel met moeilike take en projekte/eise hantering.
- Hulle vertel kompulsiewe leuens al is dit nie nodig nie.
- Hulle is baie krities op hulself.
- Hulle neem hulself baie ernstig op en sukkel om pret te hê.
- Sukkel met intieme verhoudings en emosies.

- Hulle het 'n groot behoefte om beheer oor hul eie lewens te hê, en beleef aggressie as hierdie beheer nie verkry word nie.
- Hulle hunker die res van hulle lewe na aanvaarding en erkenning.
- Hulle beleef die gevoel dat hulle anders as ander mense is.
- Hulle is oorverantwoordelik of totaal onverantwoordelik.
- Daar is 'n groot lojaliteit teenoor die biologiese ouers, al is dit soms onrealisties.
- Daar is gereelde impulsiewe gedrag wat die bestaande probleme vererger.

10. ROLLE WAT GETRAUMATISEERDE KINDERS AANNEEM

Volgens 'n lesing van Dreyer (1999) neem getraumatiseerde kinders soms verskillende rolle aan, naamlik:

- instaatsteller
- gesinsheld
- sondebok
- verlore kind
- gelukbringer

Bogenoemde rolle gaan ook met eie gevoelens en gedrag gepaard (vergelyk Tabel 2).

TABEL 2: ROLLE VAN GETRAUMATISEERDE KINDERS

Rol	Gevoelens	Gedrag	Verdedigings- meganisme	Verstroosting	Prys betaal
Instaatsteller	- Aggressief - Hulpeloosheid	- Bekommernis - Oorbekkering - Woede uitbarstings	- Ontkenning	- Tydelike vrede	- Selfverloëning - Instandhouding van gedrag
Gesinsheid	- Valse skuldgevoelens	- Oorprestering	- Obsessiewe/kompul- siewe gedrag - Rigied	- Positiewe aandag - Toenemende selfwaarde	- Werkolis
Sondebok	- Minderwaardig - Seergemaak	- Opstandig - Misdadige gedrag	- Substitusie	- Negatiewe aandag - Aanvaarding vanaf maats	- Verwerping - Vervreemding
Verfore kind	- Eensaamheid	- Passiewe gedrag	- Onttrekking	- Ontvlugting	- Sosiale isolasie
Gelukbringer	- Vrees vir katastrofes	- Maak grappe - Nar-optrede - Ooraktief - Behulpsaam	- Afleiding van die werklike probleem	- Vermindering van vrees	- Emosionele onvolwas- senheid

(Dreyer, 1999).

Die wetlike implikasies van pleegsorg is reeds bespreek en die traumatiese gevolge wat dit vir genoemde kinders inhou. Navorser is van mening dat 'n gepaste plasing moet geskied sodat dit in die beste belang van die kind sal wees. Dit is dus noodsaaklik dat voornemende pleegouers gewerf en gekeur moet word. Die rede is om te bepaal of die persone geskik is om die kind te akkommodeer en ook in staat is om die kind met sy spesifieke behoeftes te hanteer. Dit is noodsaaklik om 'n deeglike keuring te doen sodat die kind in 'n situasie wat sy aanpassing kan vergemaklik geplaas kan word.

11. DIE PLEEGOUERS

11.1 Doel van pleegsorg

'n Belangrike oogmerk van pleegsorg is om geskikte pleeghuise vir sorgbehoewende kinders te vind. Die pleegouers is dus belangrike figure in die pleeghuis. Dit gebeur meestal dat meeste pleegouers nie volkome toegerus sal wees vir die belangrike taak waarvoor hulle hulself beskikbaar gestel het nie. Die welsynsorganisasie wat hulle gewerf het, het dus 'n verantwoordelikheid om hulle te help om 'n duidelike besef van hulle rol te verkry en dit doeltreffend te vervul (Barnard, 1984:188).

11.2 Werwing van pleegouers

Volgens die Departement van Gesondheid en Welsyn (1990:9) geskied die werwing van pleegouers hoofsaaklik deur middel van die toespraak van vergaderings, byvoorbeeld: vrouehulpdiensverenigings, kerkraadsvergaderings en jaarvergaderings van organisasies. Daar word ook van ander metodes vir die werwing van pleegouers gebruik gemaak naamlik deur middel van gemeenskapsleiers soos geneeshere en predikante, die plasing van artikels in koerante en tydskrifte, radiopraatjies, televisieprogramme en gesinne wat aansoek doen vir die aanneming van 'n kind.

Betrokke organisasies het egter 'n stryd om genoegsame en geskikte

pleegouers te vind. Die rede daarvoor is nie net te wyte aan 'n gebrek aan pleegouers nie, maar ook vanweë die feit dat maatskaplike werkers vanweë hoë gevalleladings nie die tyd het om behoorlike keuring van pleegouers te doen nie. Onoordeelkundige plasings van pleegkinders vind dus plaas en dit gee tot weerstand by pleegouers aanleiding om weer kinders in hulle pleegsorg te neem (Barnard, 1984:188).

11.3 Keuring van pleegouers en kinders vir pleegsorg

In die proses van pleegsorgplasing is hoofsaaklik die maatskaplike werker, die potensiële pleegkinders en die voornemende pleegouers by keuring ter sprake. Die volgende kriteria moet by die keuring van geskikte pleegouers teenwoordig wees:

- Die gesin moet volledig wees.
- Hegte en stabiele gesinsverhoudings moet in die pleeghuis bestaan.
- Geen ernstige persoonlikheidsafwykings moet in die pleeggesin voorkom nie.
- Die pleegouers moet in staat wees om die gevoel by die pleegkinders te skep dat daar opregte besorgdheid oor hulle is. Die pleegouers moet in staat wees om in hulle behoeftes te voorsien.
- Pleegouers moet godsdienstig meelewend wees.
- Pleegouers moet oor selfkennis en selfaanvaarding beskik.
- Hulle moet finansieël selfversorgend wees.
- Die pleegouers moet die toesighoudende maatskaplike werker as hulp beleef en in staat wees om met haar/hom saam te werk.
- Daar word verkies dat pleegmoeders nie buitenshuise arbeid moet verrig nie.
- Die pleegouers moet in staat wees om die tydelikheid van pleegsorg te kan aanvaar en te verwerk

(Departement van Gesondheid en Welsyn, 1990:11).

Navorsers maak die bewering dat sommige van bogenoemde punte gestaaf kan

word. Sommige punte is egter teenstryding met die navorsers se beweringe, onder andere die volgende:

- Die gesin moet volledig wees: Soms word pleegsorg binne familieverband oorweeg waar plasing in die kind se beste belang geag word. Die moontlikheid kan bestaan dat 'n vader- of moederfiguur afwesig kan wees.
- Daar word verkies dat pleegmoeders nie buitenshuise arbeid moet verrig nie: Vanweë die hedendaagse ekonomie verrig 'n groot aantal van vrouens buitenshuise arbeid. Indien hierdie egter 'n belangrike vereiste blyk te wees, kan die moontlikheid van 'n tekort aan geskikte pleegouers bestaan.

12. ROL VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER

Die maatskaplike werker vertolk 'n belangrike rol voor, tydens en na die verwydering van kinders uit hul ouerhuise. Daar word egter tans op die taak van die maatskaplike werker tydens pleegsorg, na die aanvanklike verwydering van die kind uit sy ouerhuis, gefokus.

Volgens 'n lesing van Fick (1995) behels die taak van die maatskaplike werker die volgende:

12.1 Kennis

Die maatskaplike werker moet kennis en insig in haar eie rol, take, bevoegdheid en belange hê. Dit moet aan die doel en visie van haar organisasie gekoppel wees. Sy moet haar ook daarmee kan identifiseer.

12.2 Netwerk-analise

Die maatskaplike werker moet van 'n netwerk-analise gebruik kan maak. Dit

gee insig in die kommunikasieband (formeel en informeel). Die maatskaplike werker moet oplet wie almal by die kind betrokke is, sodat sy weet wie by hulpverlening betrek kan word (almal wat vir die pleegkind betekenisvol is).

12.3 Onderhandelings tegnieke

Onderhandeling is 'n manier om met die belange van die ander partye rekening te hou. Daar is vier (4) soorte tegnieke, soos in onderstaande tabel saamgevat:

TABEL 3: SOORTE ONDERHANDELINGSTEGNIEKE

Soort	Tegniese	Beskrywing
Wen en Wen	- Samewerking - Probleemoplossend	- Dieselfde doel en belange - Al die partye wen
Wins en Verlies	- Verdeeld	- Vir een wins, vir die ander 'n verlies
Verlies en Verlies	- Veg	- Die een gun die ander nie dat hy wen nie

(Fick, 1995).

12.4 Kommunikasie

Alle gedrag is kommunikasie. Deur kommunikasie word gedrag en gevoelens oorgedra. Dit is belangrik dat die kommunikasie tussen die maatskaplike werker, sowel as die pleegouers en pleegkind(ers) duidelik moet wees.

Volgens Solnit, et al. (1992:19) behels die rol van die maatskaplike werker die volgende:

12.4.1 Behoeftebepaling (“Inquiry”)

By behoeftebepaling bepaal die maatskaplike werker die noodsaaklikheid van verwydering van die kind en of dit in sy belang is. Sy bepaal ook die behoeftes van die gesin en hul vermoë om normaal te funksioneer.

12.4.2 **Assessering**

Nadat die gesin se behoeftes op grond van laasgenoemde bepaal is, word die gesin se vermoë om beskikbare hulpbronne in die gemeenskap te benut, geassesseer.

12.4.3 **Besluitneming**

Nadat die gesin se behoeftes bepaal en die nodige assesserings gemaak is, moet die maatskaplike werker besluit of dit in die kind se belang is om in sy huidige gesinsituasie aan te bly of om in substituutsorg geplaas te word.

Navorsers stem met bogenoemde bewering saam, maar noem dat die proses vanaf die verwydering van die kind tot sy uiteindelijke plasing, 'n emosionele eis aan die werker stel. Hulle moet die emosionele gebrokenheid van die kind saam met hom/haar by hulle versorgers beleef. Die maatskaplike werker se onvermoë om situasies wat tot die kind se nadeel strek, (byvoorbeeld mishandeling) te voorkom, kan soms tot gevoelens van magteloosheid lei.

13. **PROBLEME IN PLEEGSORG**

Die volgende bewering word deur Cox & Cox (1985:xi) gemaak: " Many people have contented that children are too often removed from homes. Several specific conditions apparently have contributed to this situation."

Die volgende probleme kan volgens Cox & Cox (1985:xi) daarvoor aangevoer word:

13.1 **Plasing in onstabiele en onvanpaste situasie**

13.1.1 Dit gebeur wanneer kinders by pleegouers geplaas word wat ver van hul ouerhuis verwyder is. Navorsers is egter van mening dat vanweë 'n tekort aan

geskikte pleegouers, dit nie altyd moontlik is om die betrokke kind naby die ouer(s) te plaas nie.

13.1.2 Kinders word soms in pleegsorg by familie geplaas en as 'n goeie opsie geag, aangesien die kind se aanpassing daardeur vergemaklik word. Familielede is egter nie altyd bereid om die betrokke kind in hul pleegsorg te neem nie vanweë die emosionele eise wat dit aan hulle stel. Navorser is hier van mening dat familielede soms gewillig is om die betrokke kind in hul pleegsorg te neem, maar kan soms nie die finansiële las daarvan dra nie.

13.1.3 'n Probleem ontstaan soms wanneer die betrokke maatskaplike werker nie die waarde van die kind se kontak en verbintenis met sy biologiese ouers as belangrik genoeg ag nie. Dit gebeur soms dat kontak met die kind se biologiese ouers geblokkeer word onder die voorwendsel dat dit die "kind ontstel".

13.2 Hereniging met biologiese ouers

Na verwydering van sorgbehoewende kinders, behou die biologiese ouers steeds voogdyskap oor die betrokke kind, alhoewel hulle nie die besluite rondom die kind kan beheer nie. Daar bestaan nie gestruktureerde riglyne met betrekking tot die regte van die biologiese ouers ten opsigte van besoeke en ander vorme van kontak (briewe en/of telefonies) nie. Dit is egter moeilik om sulke riglyne vas te stel of te bepaal, aangesien die regte van die biologiese ouers teen die behoeftes en belange van die pleegkind en die pleegouers opgeweeg moet word (Cox & Cox, 1985:xi).

13.3 Hoë emosionele eise wat die pleegkind stel

Volgens Berridge & Cleaver (1987:106) toon sorgbehoewende kinders uitreagerende gedrag vanweë die traumatiese ervaring voor, tydens en na die verwydering, byvoorbeeld bednatmaak, steel, leuens of aggressiewe gedrag. Dit beïnvloed die gesin se optrede teenoor mekaar, ook as daar ander kinders

in die huis is. Dit plaas ekstra spanning op die pleegouers. Die gevolg is dat die pleegouers nie opgewasse voel om die probleem te hanteer nie en dus nie kans sien om langer met die plasing voort te gaan nie.

Bogenoemde kan tot skuldgevoelens by die pleegouers lei, aangesien 'n volgende verwydering verdere emosionele skade by die kind(ers) kan veroorsaak (Berridge & Cleaver, 1987:108).

14. **SAMEVATTING**

Na aanleiding van genoemde literatuurstudie is dit dus duidelik dat pleegsorg van die begin af komplikasies het en kan die volgende punte hoofsaaklik uitgelig word:

- Die biologiese ouer(s) speel 'n belangrike rol in die pleegkind se lewe, selfs na verwydering. Dit kan verwarring by die betrokke kind veroorsaak veral waar hy/sy gereelde kontak met sy/haar ouer(s) het.
- Die Wet op kindersorg (Wet nr. 74 van 1983) vereis dat 'n kind sorgbehoewend bevind word ingevolge Art 14(4) van genoemde Wet, waarna so 'n kind deur middel van die kinderhof in substituutsorg geplaas word (pleegsorg, kindersorg of nywerheidskool).
- Die bloedbande tussen die biologiese ouer(s) en die betrokke pleegkind word met die oog op gesinshereniging erken indien die terugplasingdoelwit bereik word. Die pleegkind word dus in pleegsorg geplaas waarna dienste aan sy/haar ouer(s) voortgesit word. Kontak tussen die biologiese ouer(s) en pleegkind is belangrik aangesien dit aan die kind bevestig dat hy/sy nie tydens die verwydering verwerp is nie. Die kind ervaar ook minder angs en onsekerheid oor sy identiteit.

- Kinders wat van hulle ouers verwyder word, ervaar gevoelens van onder andere verwerping, vyandigheid (veral waar mishandeling en/of molestering betrokke is), onsekerheid, verlating, verwarring, skuldgevoelens en waardeloosheid. Genoemde kan 'n invloed op hulle gedrag en hoe hulle in die pleegsorgsituasie aanpas, uitoefen.

INLEIDING

- Geskikte pleegouers moet gewerf en gekeur word om as pleegouers op te tree. Dit is belangrik dat hulle die kind met sy eiesoortige probleme kan hanteer en akkommodeer, aangesien dit 'n wesenlike invloed op die kind se beleving en aanpassing in die pleegsorgsituasie sal hê.
- Die maatskaplike werker speel 'n belangrike rol in die pleegsorgsituasie en sy moet oor die nodige vaardighede en kennis beskik om die nodige leiding en ondersteuning te kan verskaf. Die maatskaplike werker moet ook insig in haar eie rol, take en bevoegdheid hê.
- Pleegsorg lewer ook sy eiesoortige probleme op vanweë verskeie redes naamlik: verkeerde plasing, pleegouers wat nie die kind se biologiese ouers kan akkommodeer nie, hoë emosionele eise wat die pleegkind stel en onvoldoende voorbereiding op die voorgenome plasing.

Die aspekte wat uitgelig is, is noodsaaklik om 'n beter begrip vir die kind in pleegsorg te ontwikkel. Die pleegkind is 'n komplekse kind wat aan onstabieleit en onsekerheid blootgestel was. Dit is belangrik om 'n beter begrip van die pleegkind te hê voordat toepaslike terapie met die kind gedoen kan word.

2. ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE TEORIE

Fritz S. Paris in Aronstam (1989:638), wys daarop dat Oedipale agie nie uitsluitlik uit nuwe en reklusionele klasse bestaan nie, en dat daar 'n wye beïnvloeding verlei onder teoretiese modelle was.